Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 22 SEPTEMBER 2024**

## *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*

| | |
|---|---|
| 09:00: | DS EWALD JANSEN VAN RENSBURG |
| SKRIFLESING: | JAKOBUS 3:13-4:3,7-8A |
| TEMA: | GELOOF WAT WERK: DIE GOEIE LEWE! |

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

Ds Hennie Fouché is met verlof 9 - 27 September 2024

**Baie welkom aan vandag se doopouers**
**Gert & Michelle met Haley**

## Vandag se deuroffer: Alta du Toitskool (Kuilsrivier)

Alta du Toit skool/sentrum is in Kuilsrivier vir mense wat intellektueel gestremd is. Elke persoon word 'n geleentheid gegee om volgens sy/haar unieke vermoë en teen eie tempo te ontwikkel. Die leerders is hier omdat hulle nie kon byhou in die hoofstroom-onderwys met akademiese vakke nie. Die fokuspunt hier verskuif: hul doen funksionele lees, wiskunde en leer skryf (Funksioneel in dié sin dat hul leer wat hul in die alledaagse lewe nodig het om oor die weg te kom : tyd lees, geld hanteer, tekens ken, ens). Vaardighede soos selfversorging, sosiaal aanvaarbare gedrag, kommunikasie en produktiewe vaardighede word baie beklemtoon. Die vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van 'n maatskaplike werker en arbeidsterapeute.

## Volgende week se deuroffer: Bediening aan Dowes

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

**#opWeg in die week**
**(20-30-jariges) Woensdae 19:00 in Familiekamer**

## Ouma / Oupa en Kleinkind Sondag - 13 Oktober 2024

**Oupas en Oumas** moet asseblief **hulle kleinkinders** (én kinders) van oraloor nooi om die diens op 13 Oktober saam met hulle hier in ons gemeente te kom bywoon.
Net so moet **kleinkinders** hulle **grootouers** - van waar ook al - nooi na ons erediens op hierdie Sondag.
Dit gaan 'n dag wees waarop families saam met mekaar 'n erediens kan bywoon en ook kan dink hoe hulle aan mekaar gebind word deur geloof in Jesus Christus. Dit beloof ook om 'n dag van dankie-sê-vir-mekaar te wees.

**Matrieks word spesiaal uitgenooi na hierdie erediens op Sondag, 13 Oktober**

By hierdie erediens wil ons graag die matrieks sterkte toewens vir hulle finale skooleksamen, en ook vir die nuwe en opwindende hoofstuk in hulle lewe wat daarna voorlê.

**November** is die tyd wanneer **SORG VIR JOU SIEL** deur Ewald van Rensburg interaktief behandel gaan word.
Hier is die program van **Sorg vir jou siel**:
**Sessie 1: Wat is die Siel?** Woensdagaand 19:00 6 November
**Sessie 2: Die Siel se gesukkel.** Sondag**aand** 18:30 10 November
**Sessie 3: Wat die Siel benodig.** Woensdagaand 19:00 13 November
**Sessie 4: Die praktyk v Genade.** Sondag**aand** 18:30 17 November
**Sessie 5: Die praktyk van Dankbaarheid.** Woensdagaand 19:00 20 November
**Sessie 6: Die praktyk van Groei.** Sondag**aand** 18:30 24 November
Almal welkom. Gee asseblief jou naam op by die kerkkantoor sodat ons die kursusboeke kan maak.

## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Aiden Hailmer, Simon Lötter, Riaan Louw, Cecilia van der Merwe. |
| **Maandag:** | Luna Kotzé, Neil Pitzer, Jani van der Hoven. |
| **Dinsdag:** | Ronél van Heerden. |
| **Woensdag:** | Sandra Smit, Werner Smit. |
| **Donderdag:** | Donnie Joubert. |
| **Vrydag:** | Elna Cloete, Magrieta du Toit. |
| **Saterdag:** | Helene Delport, Danie Janse van Rensburg, Amanda Janse van Vuuren, Mariki van der Westhuizen, Wally van Rooyen. |